

Ontsluit geleenthere in Afrika

Afrika het baie uitdagings, maar ook baie geleenthere. Vakkundigheid en navorsing kan daardie geleenthere ontsluit, skryf prof Hester C Klopper*.

Van droogtes en siektes tot vloede en hongersnood – dit is maar van die talle uitdagings wat Afrika al beleef het en in baie gevalle steeds beleef. Ons vasteland se erfenis van kolonialisme en die verskriklike uitwerking daarvan, asook huidige sosio-politiese stelsels wat dikwels ontwikkeling strem, is van die redes waarom Afrikalande dikwels met uitdagings sukkel wat hoë-inkomste-lande op die oog af maklik oplos.

Maar daardie “eerstewêreldse” oplossings lewer selde dieselfde resultate in Afrika – ons vasteland staan sy eie uitdagings in die gesig wat hul eie oplossings verg.

Wanneer ons vandag (25 Mei) Afrikadag vier, kry ons weer eens die geleenthere om na te dink oor hoe verskillende sektore – van nywerhede tot die onderwys – ’n bydrae kan lewer en kan verseker dat ons wêreldwye uitdagings met Afrika-oplossings aanspreek.

Vir meer as ’n jaar al ly die wêreld weens die COVID-19-pandemie – iets wat ons aanvanklik gedink het die groot gelykmaker van die samelewing sou wees. Ons het egter besef dat dit weer eens die ongelykhede in samelewings wêreldwyd blootgelê het. Die onlangse styging in COVID-19-infeksies in Indië is ’n goeie voorbeeld daarvan. En in Afrika het ons groot druk op ons gesondheidstelsels ervaar. Onlangs het die ongelykheid in die verspreiding van COVID-19-entstowwe ook na vore gekom.

Indien ons verder sou kyk as die uitdagings wat regoor ons vasteland ondervind word, sal ons kan sien hoe vakkundigheid en navorsing geleenthere ontsluit wat hierdie uitdagings kan aanspreek deur oplossings te vind wat uniek op Afrika van toepassing is.

Klik [hier](#) om prof Klopper se volledige meningsartikel te lees.

Prof Hester C Klopper is die Viserektor: Strategie en Internasionalisering by die Universiteit Stellenbosch.